

**Skriflesing:** Jakobus 1:16-27Teks: **Jakobus 1: 18, 21b-22**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 122:1,2****TYDENS EREDIENS: Sb. 5-3 (8):1,4,5; Ps. 19:7; Ps. 119:5; Ps. 92:2; Ps. 134:4****Jakobus 1:16-27****Jas 1:16** Moenie julleself mislei nie, my liewe broers.**Jas 1:17** Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.**Jas 1:18** Omdat dit sy wil was, het God ons deur die woord van die waarheid tot die lewe gebring, sodat ons, om dit so te stel, eersteling kan wees van alles wat Hy geskep het.**Jas 1:19** My liewe broers, dit moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie.**Jas 1:20** 'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie.**Jas 1:21** Daarom moet julle al die sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim wat so welig tier, en ootmoedig die woord aanneem wat God in julle geplant het, want dié woord kan julle red.**Jas 1:22** Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself.**Jas 1:23** Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk:**Jas 1:24** hy bekyk homself, gaan van die spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het.**Jas 1:25** Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vry maak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen.**Jas 1:26** As iemand dink hy is godsdienstig, maar hy hou nie sy tong in toom nie, bedrieg hy homself. Sy godsdiens is waardeloos.**Jas 1:27** Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld.**Skriflesing:** Jakobus 1:16-27Teks: **Jakobus 1: 18, 21b-22**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 122:1,2****TYDENS EREDIENS: Sb. 5-3 (8):1,4,5; Ps. 19:7; Ps. 119:5; Ps. 92:2; Ps. 134:4**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, waar ons al 'n entjie van die pad saam met Jakobus kon loop moet ons oor die God wat heilig is, ook heilige dinge verwag. Daar is beproewinge wat God oor ons kan laat kom. In die beproewinge moet ek weet God loop met my die pad. Ons kan dit dalk selfs noem iets van 'n geestelike dinamika in die proses van om beproewinge te moet hanteer. Dit moet selfs kan word geheiligde beproewinge. In my beproewinge kan ek dalk wysheid kortkom, Jakobus hanteer die tekort aan wysheid. U kan weer na vv 5-6 kyk. In my beproewinge kan ek dalk geld kortkom. Jakobus hanteer ook die tekort aan geld. Kyk maar weer na vv 9-12. Daar kry ons die arme rykes, maar ook die ryk armes, tog is ewige rykdom die mens wat in versoeking standvastig bly, wat die kroon van die lewe ontvang wat die Here aan ons belowe.

\*\*\*

In wat ek kan te kort skiet is een ding, maar 'n ander ding is wanneer ek aktief die goeie van beproewinge in die slegte van versoekinge omskep. Ek moet die oorsaak van versoeking nie by God soek nie, soek dit maar by jouself. Dan is ek nie meer besig met wat God van my verwag om die regte pad te loop nie. Dan gee ek toe en plaas myself op die pad van die dood, want het ons verlede Sondag reeds vers 15 in meer besonderhede behandel ... Hoe versoekinge jou kan vang, nader sleep en insluk en doodmaak het Jakobus duidelik uitgewys ... *Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.* Opmerklik dat Jakobus die naam van die duiwel nie hier na vore bring nie. Dis my eie begeertes, my eie listigheid wat met my oploop gegaan het, wanneer ek hierdie dodelike pad van versoekinge my eie pad gemaak het.

\*\*\*

Dit wat van die Here kom is waar ons vandag vêrder die pad met Jakobus loop en van die eerste, die mooiste wat God al in die begin van sy skepping gemaak het, was die son, die maan en die sterre. Trouens die son, maan en sterre die verbondtekens van God se verbond met hemel en aarde ... Hiermee saam word hierdie ligdraers soos gawes ons lewens ingebring. Ons kan hulle noem hemelse liggame met aardse betekenis wat steeds veranderinge kan ondergaan. Die son kan verduister word, die sterre kan verskiet, die maan dra so dikwels 'n donker kant, maar in teenstelling hiermee is God geheel en al die Een wat nie kan verander nie, aan God is daar geen skadukant nie. Hy wat die lig is, is voluit die lig, Hy wat die lewe is, is in alles die lewe. Hy gee lig en lewe sonder om Homself ooit daaraan toe te gee deur ook te verander. En nou gee God die nog groter gawes waarmee ons grootliks aan die einde van Jakobus 1 vandag mee besig gaan wees.

God het nie net aan die son en alles daarmee saam beslag gegee nie, maar God wil ons wat sy kinders is, deur die woord van die waarheid wil God aan ons die beste wat daar nog ooit kon wees, gee. Hy plaas beslis nie versoekinge op ons pad nie, maar Hy plaas ons wel op die pad van die lewe, wat ons kan noem, Hy het my weergebore laat word. Die geloof is voortdurend ook 'n proses wat ons deurloop, dit waaraan daar nooit 'n einde kan kom nie. Die ware geloof en die nuwe lewe is ondenkbaar sonder God se Woord. Ek kan my nie 'n lewende mens sonder 'n kloppende hart indink nie, so kan ek my nie die nuwe lewe, die wedergebore lewe, sonder God se Woord indink nie. Daarmee saam is ons tema **God se Woord, die ingeplante Woord, is die**

**grootste gawe wat die belangrikste rol ooit in jou lewe moet vervul.** Ook wanneer ons later vandag 'n ouderling gaan bevestig, kan dit alleen in en vanuit die Woord ook in die ouderling se lewe beslag kry. Ons eerste gedagte- ons word opgeroep om aan die Woord aandag te gee. Ons tweede gedagte - hoe ek hierdie Woord gaan ontvang. Die laaste gedagte, die Woord het alles met jou dade en jou godsdiens te make en jy mag daarvoor geen verdere illusie hê nie.

**Die oproep om aan die Woord aandag te gee:**

In die makrokosmos, in die son en die hele sterrestelsel daarmee saam word ons gebring in die heilige sfeer van God se heilige goedheid met die vraag wat kan beter wees as die geestelike goedheid in wat God jou skenk as Hy aan jou sy Woord geskenk het?! Ons praat hier van God se lewewekkende Woord, die Woord wat ons so pas weer vandag gelees het en waarin God deur die verkondiging daarvan in Jesus Christus die lewe wek. God maak dit die woord van die waarheid en wil hy jou hierin die eersteling maak tussen alles wat Hy geskep het, dat ek aan sy Woord die volle aandag sal gee (vgl. Jak 1:18). Die eerste wat met die Woord van God in my lewe moet gebeur, is ek moet alles gee om daarna te wil luister, goed daarna te luister. Daarom moet ons *gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie.*

As Jakobus hierdie besondere oproep tot ons rig, dan sien ons hy wil dit as broeder aan sy geliefdes doen, *geliefde broeder* noem hy jou en my, tot 8X in hierdie brief, (daarbý sluit hy beslis die susters in) want om te luister is gewoon die eerste stap tot dissipelskap. Soos Jakobus dikwels sake prosesmatig hanteer is dit hier ook weer die geval. Jakobus wil aan ons deurgee hoe die lewewekkende woord in die daaglikse lewe verwerk moet word. So teken hy aan ons die realisering van die woord in elke dag se lewe. En daarom is hy by die baie praktiese van luister twee maal, praat dan net een maal maar doen die regte 'n duisend maal.

Waar God praat en so word daar uit sy Woord gepraat, moet ek bereid wees om baie aandagtig te luister. In die gewoon alledaagse is dit alreeds baie goed om nie met jou tong te vinnig te wil wees nie. Jakobus gaan nog weer by die tonge kom (vgl. Jak. 3), maar om die Woord te ontvang kan net deur die gehoor gebeur (gaan kyk gerus na Rom 10:17). Hierdie positiewe luister gaan gepaard met twee negatiewe ... moet nie te gou praat nie, wees stadig om te praat en stadig om kwaad te word. Die woord wat dui op stadig is in die Grieks 'n woord wat verband hou met afwagting, daar moet altyd by my 'n afwagende houding wees. Calvyn het in sy kommentaar op

die teks dit treffend gestel ons moet gepas wil luister en nie vir God ontydig in die rede wil val nie.

Direk hiermee saam ken God sy kinders. As daar woorde gesprek moet word tot lering, maar dan veral tot vermaning en teregwysing dan spring mense so gou op hulle perdjies. Daarom verbaas dit ons nie dat Jakobus direk aan hierdie teks verbind dat ek stadig moet wees om toornig te word. Om te gou te wil kwaad word. Die Here sê dit - *'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie ...* Ons kan maar weet ons weet ook hierin getoets.

As u saam met my die opbouende lyn in Jakobus na ons sien kom, dan sien ons iets van die groter prentjie. Hy het begin met beproewinge, dinge waarin u en ek getoets gaan word, dinge waarin ek vir God om wysheid moet bid, waarin ek nie my trots en en roem in my beursie en prestasies en geleerdheid sal soek nie, maar in my geloof. Dat ek in 'n ware kinderlike geloof mag roem en bly wees, ook as ek daarin beproef word. Dan het Jakobus dit tot nog 'n groter toets laat oploop. Jy word getoets op maniere wat jy alleen sal weet wat daarvan as ek versoek word. God het met daardie versoeking niks te make in die oorsaak daarvan nie, maar niks verhinder God om jou wel te toets in dit wat Hy wat God is op jou pad laat kom het nie! Het jy wel daardie toets kon deurstaan? Was jy wys genoeg, weereens wysheid wat God jou moes skenk ... Dit wat as totaal ongehoorde versoeking na my gekom het, in watter mate het ek my daarmee laat saamsleep in dit waartoe ek gelok en verlei was. As ek nie God opgesoek het en die gawes wat Hy skenk in so 'n tyd vurig na verlang het nie, wat het dan van my na hierdie versoeking oorgebly. Alleen jy en jou gewete voor die Here sal die vraag kan antwoord. Mag jy wel reeds daardie gawe ontvang het. Mag jy in so 'n tyd wel as God se eersteling ook sy ingeplante Woord wou ontvang.

Want in die wyse hoe ons God se Woord ontvang het God met jou 'n afspraak, ja kom ons noem dit sommer op die regte gereformeerde naam, God het met jou 'n verbond gesluit. En dit wat die verbond primêr van jou eis is om op die regte manier aan hierdie Woord aandag te gee. Maar al het ek daaraan aandag kon gee, beteken dit noodwendig dat ek dit wel ook ontvang het, dat jy dit wel jou eie gemaak het. Nee, geliefdes! So kom ons dan reeds by ons tweede groot saak vandag – nie net hoe ek aan die Woord aandag moes gee nie, maar gaan dit in die tweede plek-

**Het ek wel hierdie woord as ingeplante Woord wil ontvang?!**

As ek nie bereid is om uit te kom by wat ons in vers 21 lees nie, dan staan jy nog buite. *Daarom moet julle al die sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim wat so welig tier, en ootmoedig die woord aanneem wat God in julle geplant het, want dié woord kan julle red.* Dit sal nie help ek word kwaad as daar oor hierdie dinge in my lewe gehandel word nie. As Jakobus praat van julle moet sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim, dan is die Griekse woord vir opruim ek moet dit soos 'n kledingstuk kan uittrek en daar eenkant neersit. Dis dieselfde woord wat die manne gedoen het toe hulle die eerste diaken Stefanus met klippe doodgegooi het. Hulle het hulle boklere uitgetrek en daar by Paulus se voete neergesit net voor hulle die eerste klippe op Stefanus begin gooi het. Beslis manne in wie die Woord nog nie geplant was nie, dit was ook op daardie stadium ook nog nie eers in Paulus se hart geplant nie, al het hy gedink ek het al lankal aan die Woord aandag kon gee.

Om aandag aan die Woord te gee of om op die einde wel die Woord te ontvang, kan wêrelde van mekaar verwyder wees. Een wat aandag aan die Woord gee is een wat dink hy tel 'n klip op ter wille van die Woord maar hoe boos en verkeerd is hy nie, want hy maak God se eerste diaken dood. Dit nogal met sy eie gedagte ek gee aandag aan die Woord. Terwyl as jy daadwerklik die Woord ontvang het, jy het geleer om behoorlik te luister, stadig te praat, nog stadiger kwaad te word dan gebeur daar iets wonderbaarlik groot met jou en my- God se geregtigheid word voor jou oë bewerk. Want kan groter wees as dit?! *Jy ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red.* So, word die vraag nog dringender, nog meer ingrypend – Want kan groter wees as om Jesus Christus, Hy wat die Woord is, die Woord in alles, in alles is Hy God se Woord, om te mag hoor, ek ontvang Hom. Hy wat alleen in staat is om siele te red word in my hart ingeplant.

Daarom is ons vraag in die lewende verkondiging van die Woord vandag reguit en sonder omhaal 'n eenvoudige vraag maar met lewens implikasies – het ek wel al God se Woord as ingeplante Woord kon ontvang?! Het ek dit met sagmoedigheid wou ontvang. Nie daardie een wat teen die prikkels wil bly skop soos Paulus lank bly doen het, selfs die tyd toe hy klere oppas toe hulle God se eerste diaken met klippe doodgooi. Toe was hy beslis een wat die Woord nie as redding wou ontvang nie, maar God het dit verander. Hoeveel briewe skyf hy in die gees en

rigting van ek het verander. Nie primêr ek het verander nie, maar God se Woord het my verander! Dit wat God se belofte aan jou ook is - *dié woord kan julle red.*

Tog as ons hierdie reeks uit Jakobus begin het met dat daar beproewinge in jou lewe gaan kom en dat jy daarvoor bly moet wees, wag dan vir die laaste groot beproewing wat jy uit Jakobus 1 in jou lewe vandag ontvang. Lê die ware toets waar ek aandag aan God se Woord gee, lê die ware toets daar waar ek wel meen ek God se Woord ontvang het, of lê die groot beproewing waarmee ons vandag ons laaste gedagte mee gaan inlei maar die res van Jakobus gaan jou hieroor nie los nie- Die derde saak wat vir jou 'n groot toets, 'n groot beproewing gaan bly is hoe reageer ek daarop as ek hoor-

**Die Woord het alles met jou dade en jou godsdiens te make en jy mag daarvoor geen verdere illusie hê nie.**

Jakobus 1 eindig hiermee en Jakobus 2 gaan 'n groot deel hiermee besig wees, veral as ons die laaste deel van Jakobus 2 ook by gaan kom, dan word dit ingrypend. Dan sê Jakobus iets so skokkend maar so belangrik soos Jakobus 2:14- *14 Wat help dit, my broers, as iemand beweert dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red?* Die 1983-Vertl kom eintlik sagter oor deur dit 'n vraag te maak, maar die Grieks is geen vraag nie, die 1933' 53 Vertl maak dit ook geen vraag nie, maar in die vraag is daar 'n stelling wat gemaak word - *14 Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie?* Vers 17, vers 20, Jak 2 is nog duideliker- *Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.* Vers 20- *Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?*

\*\*\*

Ons besef waar ons Jakobus 1 vandag dan afsluit, hierdie laaste verse uit Jakobus 1 gaan jou nie los nie. Vers 22 sê dit tog duidelik wanneer ek nie 'n dader van die Woord is nie, is ek besig om myself te bedrieg. Jou godsdiens moet dade word, God se Wet moet in jou hart geskrywe staan dat jy jou hande nie kan stilhou as dit gaan om wat daar geskryf staan nie. Al het ons vandag begin deur te wys op die erns van luister, behoorlik te luister, dit moet insink in wat gehoor word, is die eintlike toets nie of ek behoorlik geluister het nie. My toets, kom ons noem dit 'n positiewe beproewing sal wees, gaan ek doen wat ek gehoor het.

Om te luister, te praat te doen, is 'n proses, maar dit moet word die werklike godsdiens in jou lewe. Vers 26 wil hierdie ware diepe godsdiens in jou lewe bring by wat die woord sê- *diens aan God* ... moet godsdiens wees. Moet nie illusies, of om Jakobus se voorbeeld te gebruik - spieëlbeelde vir jouself hieroor opstel nie. Dit wat ek dan somer weer daaragter wil gaan skuil nie. As ek God se Wet my lewe maak, want Christus is my lewe, die Woord is my lewe, dit is wat maak dat ek kan lewe. Ja ek glo waarlik die ingeplante woord is in staat om siele te red en ja ook my siel is reeds daardeur gered, dan is ek die eersteling van God wat eerste gaan wees om nou ook te doen wat ek weet God van my kan verwag.

Laat ons besef soos wat ons ook as dit die Here se wil is by Jakobus 2 gaan uitkom. God gaan nie toelaat dat jy met sy Woord maak, soos wat jy baie keer met jouself maak nie. *23 Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk: 24 hy bekyk homself, gaan van die spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het.* Hfst. 1 van Jakobus 1 het eintlik 'n reeks temas aan die orde gestel wat ons in die volgende 4 hoofstukke gaan terugdwing na wat Jakobus 1 eintlik al aangeroe het.

Dit word nog mooier, daar is ten minste 11 gedeeltes in die Jakobus brief, party kom tot by 19 plekke in die Jakobus-brief wat terugherei kan word na Jesus se eerste preek op aarde, wat ons tog ken as die Bergrede in veral Mattheus 5 tot 7. In Jesus se Bergrede het hy bv. gehandel oor blydskap te midde van beproewinge (Mat 5:1-12), by Jesus was daar 'n duidelike oproep tot volmaaktheid (Mat 5:48), by Jesus hoor ons duidelik die bede om goeie gewoontes (Matt. 7:7), Jesus waarsku ons teen te vinnig kwaad word (Mat 5:22), Jesus praat ook so duidelik oor om net 'n hoorder van die Woord te wees en nie 'n dader nie (Mt 7:24-27) ... wanneer u dit alles hoor sal u wat behoorlik kon luister agterkom maar Jakobus 1 het dan al die sake aangeroe, wat Jesus my Broer maar ek is sy slaaf, sy lewe voor gegee het. Ja, om getoets te word, om die regte wysheid te verkry, om my tong reg te gebruik, om verskille gewoontes reg te hanteer, sal van jou as eersteling van God, ja om 'n praktyk-gedrewe kind van God te wees, jou nie toelaat soos wat jy dalk vanoggend voor jou spieël gemaak het nie.

AMEN